Jongensfontein Inwonersvereniging
JIV
P O Box 86
Jongensfontein 6675

# JONGENSFONTEIN INWONERS VERENIGING (JIV) NUUSBRIEF JUNIE 2022

**Geagte Lede,**

**'n Hartlike welkom aan ons gereëlde vriend, die Winterseisoen.**

**Dit is die tyd van die jaar wanneer die temperatuur daal en dit begin reën (hopelik), maar ook waarin ons die mooiste sonsopkomste sien. Anders as my vorige nuusbrief, wat uiteraard formeel was, wil ek vandag net 'n bietjie gesels.**

**Daar is 2 sake wat swaar op die hart lê en ek glo dit kwel u ook. Eerstens, die toestand van Hoofweg na die herstelwerk van vloedskade en tweedens, die verontagsaming van padreëls deur baie motorbestuurders in Jongensfontein.**

**Duidelik is herstelwerk in Hoofweg na die vloedskade nie behoorlik gedoen nie. Die kwaliteit van die teer is minderwaardig, sywalle is glad nie beskerm teen watererosie nie en blykbaar gaan ons vir ewig en 'n dag wag voor geverfde padtekens op die teeroppervlak aangebring word. Nie juis 'n pluimpie vir die Kaapse Provinsiale Paaie-afdeling wat 'n jaar geneem het om die werk te "voltooi" nie.**

**Vroeër as later gaan daar 'n ernstige pad ongeluk in ons dorpie gebeur as gevolg van motoriste wat jaag op die pad en eenvoudig die STOP tekens ignoreer. Stop beteken jy moet stilhou, nie stadiger ry nie! Ek doen 'n dringende beroep op alle motorbestuurders om ten alle tye die padtekens te gehoorsaam. Die lewens van ander padverbruikers en veral die van ons kinders, wat hier nog in die paaie speel, hang af van motoriste se padgedrag.**

**In my vorige Nuusbrief het ek genoem dat die JIV sekuriteitsmaatreëls in Jongensfontein oor vakansie tye sou verskerp. Ons het dan ook so gemaak en 'n sekuriteitsmaatskappy genaamd Tactical First Responders (TFR) op koste van die JIV aangestel vir twee weke tydens die Paastyd. In teenstelling met die Desember vakansie einde verlede jaar was dit baie kalm in Jongensfontein oor Paastyd en TFR**

**se personeel, wat duidelik goed opgelei en bekwaam vir die taak is, was nooit onder groot druk geplaas nie. Agt en sestig JIV-lede het die vraelys voltooi wat ons na die TFR- inisiatief uitgestuur het. Baie dankie vir die meestal positiewe terugvoer.**
**Feit is egter dat die JIV nie kan bekostig om hierdie diens op 'n volgehoue basis te befonds uit lede-bydraes alleen nie.**

**Gevolglik, het ons besluit om 'n nuwe strategie te volg. Stilbaai Security Network (SSN), wat deur Archie van Dyke bedryf word, onderhou en monitor al die kameras in die Hessequa omgewing. In samewerking met die Stilbaai Polisie is SSN besig om 'n kontrolekamer agter die Stilbaai Polisiestasie op te rig waarvandaan alle kameras in Hessequa op 'n 24/7 basis gemonitor sal word. Bestaande kameras dek Jongensfontein goed, behalwe die swemgatgebied waar die JIV beoog om verdere kameras te installeer. Al ons kameras sal dan gekoppel wees met die voltooide kontrolekamer en 24/7 gemonitor word.**
**<u>Kostes vir die JIV: ±R10 000 vir die koop en installering.</u>**

**Die JIV het besluit om toestemming van die Munisipaliteit te bekom vir die oprigting van 2 Lapas by "Daantjie se braai" en die "Langstrand" se braai, soortgelyk aan die by die Swemgat.**
**<u>Die beraamde koste vir die JIV is R36 500.</u>**

**Die JIV poog om u ledegeld prakties en verantwoordelik aan te wend tot voordeel <u>van alle Jongensfonteiners</u> of u permanent hier woon of nie. Dit is derhalwe teleurstellend dat ek moet noem dat sowat 200 eienaars op hierdie stadium nog nie hulle <u>jaarlikse ledegelde van R900</u> betaal het nie, maar tog geniet hulle dan ook wel dieselfde voordele as betalende lede. Eienaars wat nie permanente Jongensfontein inwoners is nie geniet immers ook die voordeel van JIV se insette om die infrastruktuur in stand te hou en verbeterings aan te bring, want dit verhoog die waarde van alle eiendomme. Baie dankie dan ook aan die lede wat wel hulle jaarlikse ledegeld betaal het, dit word werklik waardeer. Miskien moet ons hierdie in 'n gemeenskapspoging omskep, praat asseblief met u bure/vriende en kom ons sien of ons die lidmaatskap nog verder kan lig.**

Jongensfontein Inwonersvereniging
JIV

**Ons Paasmark was vanjaar weer 'n groot sukses. Baie dankie aan al die deelnemers wat meegehelp het om dit moontlik te maak. Dit was 'n goeie inspuiting vir ons fondse.**

**Dank ook aan ons toegewyde tuinier/arbeider, William wat vir die JIV werk. Hy hou al die wandelpaaie en ander areas in 'n goeie toestand en het 'n groot taak verrig deur die aalwyn-tuin in Boegsprietlaan weer netjies te maak. Dink net hoe mooi dit gaan lyk wanneer die aalwyne een van die dae weer blom! Die munisipaliteit is reeds gekontak om die gras daar te sny.**

**Intussen wil ons u graag vra om name voor te stel vir die verskillende wandelpaaie in ons dorpie, want ons sal graag met tyd naamborde wil plaas by die begin en einde van elke wandelpad.**

**Die JIV-komitee gaan intussen onverpoosd voort om ons dorp te verbeter en om alle vatbare metodes te ondersoek om fondse vir die doel in te samel. Ek hoop om daarop uit te brei in my volgende Nuusbrief.**

**Laastens, maak asseblief 'n aantekening in jul dagboeke dat die Hessequa Burgermeester, Onder Burgermeester, Speaker, Uitvoerende Burgermeester's Komitee en Munisipale Direkteure in die Jongensfontein Kerksaal aanwesig sal wees om 15h00 Donderdag, die 7de Julie 2022 om ons vrae oor die toekoms van Jongensfontein/Stilbaai te beantwoord.**

**Ons sal ons lede op die Whatsapp groep herinner en versoek ek ook vriendelik dat almal asseblief 'n spesiale poging sal aanwend om die vergardering by te woon. Ons het 'n vol saal nodig.**

**Ek sal graag ons besoekers geleentheid wil gee om ons doeltreffend te kan antwoord en daarom versoek ek dat indien u enige voorgestelde vrae het, dit asb aan my te stuur op / voor 20 Junie 2022 sodat ek vir hulle genoegsame tyd kan gee om hul antwoorde voor te berei vir hul besoek. Gebruik asb die epos adres info@jiv.co.za.**

**Vriendelike groete en warm wense.**